**Vrydag 18 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:73-88**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:75**
**Psalm 119 – ’n Psalm vir ’n jongmens!**
Kan jy dit glo! Hierdie “onbekende” Psalm is geskryf deur ’n jongmens ( vers 9, 99, 100). Klaagliedere 3:27 sê: Dit is goed dat mens in jou jeug swaarkry! (kyk ook Ps. 119:71). Maar hierdie jongmens voel dat hy onskuldig in die gevangenis verkeer.
Die situasie waarin die digter hom bevind, word beskryf in verse 23, 46 en 161. Die digter word bespot, onderdruk en vervolg deur owerheidpersone wat hulle nie steur aan die Woord van God nie. Sy lewe is voortdurend in gevaar (vs 109). Hy erken in sy swaarkry dat God hom nederig laat word het en dat dit selfs vir hom voordelig is, maar hy smag na hulp en bid ernstig vir uitkoms. In die swaarkry is God se Woord sy troos en sy wysheid.
Die hele Psalm is ’n gebed vir standvastigheid in lyding. Die digter se pyn word vererger deur die mense wat afvallig van God se Woord raak (vs 79). Dink aan Jesus wat toenemend geïsoleer is deur sy volgelinge wat padgee tot Hy alleen in sy lyding gestaan het. Die digter se gebed om verlossing bereik die hoogtepunt in verse 81-88: Hoe lank nog?
Die Psalm laat ons veral op hierdie dag aan ons Here Jesus Christus dink wat ook nog so jonk was (Luk. 3:23) en onskuldig moes ly en sterf vir ons sondes. Trouens, ook in Psalm 119 is Jesus Christus deur sy Gees aan die woord (1 Pet. 1:10, 11). En omdat Hy ook werklik mens geword het soos ons, moes Hy gedurende sy lewe op aarde ook op God en sy Woord vertrou in sy lyding (Heb. 2:12, 13) soos die digter van Psalm 119 moes doen. Jesus se smeking en gebede is verhoor deur God, en God het Hom uit die dood opgewek (Heb. 5:7-10). Omdat Jesus Homself eerbiedig aan God onderwerp het in sy lyding, het Hy vir ons ’n bron van ewige saligheid geword.

*Sing: Psalm 119-1:26-29 of Psalm 119-2:14*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg en Bloemfontein Suidheuwels)*